W. A. Ngesi
GEREGTELIKE VEILING
Kuilsrivier

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA, AFDELING WES-KAAP, KAAPSTAD. Saaknr.: 16400/24. In die saak tussen: SB GUARANTEE COMPANY (RF) EIEDOMSBEPERK, (REGISTRASIENOMMER: 2006/021576/07), Eksekusiekrediteur en WANDILE AUBREY NGESI (ID-nr.: 780610 5365 087) Eksekusiedebiteur. Ter uitvoering van 'n uitspraak en lasbrief toegestaan in die bogemelde agbare hof op 19 Junie 2025 en 'n lasbrief vir eksekusie daarna uitgereik, sal die ondergemelde vaste eiendom geregtelik aan die hoogste bieër verkoop word deur die Balju vir die Hooggeregshof Kuilsrivier-Suid by Langverwachtweg 23, Klipdam, Kuilsrivier op 08 Oktober 2026 om 10:00, onderworpe aan 'n reserweprys van R370 000,00: SEKERE: Deelnr. 21 soos getoon en meer volledig beskryf op Deelplannr. SS197/2019 in die skema bekend as CARNATION MEWS, ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë in BLUE DOWNS, IN DIE STAD KAAPSTAD, AFDELING STELLENBOSCH, PROVINSIE WES-KAAP welke deel se vloeroppervlakte volgens die gemelde Deelplan 39 (NEGE EN DERTIG) vierkante meter groot is; en 'n onverdeelde aandeel in die gemene eiendom in die skema toegedeel aan die gemelde deel ooreenstemmend met die deelnemingskwota soos geëndosseer op die gemelde deelplan. Gehou deur transportaktenommer ST17467/2019 EN ONDERWORPE AAN SODANIGE VOORWAARDES SOOS UITEENGESIT IN DIE VOORGEMELDE AKTE EN ONDERWORPE DAARAAN DAT die Erf nie oorgedra sal word sonder die geskrewe toestemming van die BELLADONNA ESTATE HOOF-HUISEIENAARSVERENIGING NIE. GELEË: Carnation Mews Eenheid 21, Dominique Place, Blue Downs. LANDDROSDISTRIK: KAAPSTAD. VERBETERINGS: Die inligting wat gegee word aangaande die verbeterings aan die eiendom en besonderhede oor die aantal en aard van kamers binne die eiendom word nie gewaarborg nie. Nóg die Eksekusieskrediteur nóg die Balju sal aanspreeklik gehou word vir enige onakkurate inligting met betrekking tot die eiendom waar toegang tot die eiendom, om watter rede ook al, beperk of onmoontlik is. Die verbeterings aan die eiendom bestaan uit die volgende: 2 Slaapkamers, Badkamer, Oopplankombuis/sitkamer. WONING BESTAAN UIT: RESIDENSIEEL. Die volle voorwaardes sal 24 uur voor die veiling ter insae lê in die kantoor van die Balju vir die Hooggeregshof Kuilsrivier-Suid by Langverwachtweg 23, Klipdam, Kuilsrivier Die veiling sal behartig word deur die Balju me. E. E. Carelse of haar adjunk mev. H. Combrinck. Advertensiekoste teen huidige publikasietariewe & koste van verkoping volgens hofreëls geld. 1. Registrasie as 'n koper is 'n voorvereiste onderworpe aan voorwaardes, onder meer: Bepalings van die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008 (URL http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961) Alle bieërs word versoek om hul identiteitsdokument saam met hul bewys van verblyf vir FICA-nakoming voor te lê. Alle bieërs word versoek om 'n registrasiefooi van R15 000,00 (terugbetaalbaar) te betaal voor die aanvang van die veiling om 'n koperskaart te bekom. Die koper moet 'n deposito van 10% van die koopprys aan die Balju betaal in kontant, per bankgewaarborgde tjek of deur middel van 'n elektroniese fondsoordrag, onmiddellik by die toeslaan van die bod of op enige gebruiklike wyse en aanvaarbare bewys daarvan aan die Balju lewer. Die res is betaalbaar teen oordrag en moet verseker word deur 'n waarborg uitgereik deur 'n finansiële instelling goedgekeur deur die eksekusiekrediteur of sy prokureur en moet aan die Balju gelewer word binne 21 dae na die verkoping of na die datum van bevestiging van verkoping deur die hof. Die eiendom mag in besit geneem word na ondertekening van die verkoopvoorwaardes, betaling van die deposito en nadat die res van die koopprys verseker is ingevolge klousule 4. Indien die koper besit van die eiendom ontvang, sal die koper aanspreeklik wees vir okkupasiehuur teen 'n koers van 1% van die koopprys per maand. Pro-rata-okkupasiehuur is betaalbaar deur die koper op die datum van besit en daarna maandeliks op of voor die 1ste van elke maand tot die datum van registrasie van oordrag.

LGR INGELYF, Prokureur vir die Eiser, Eerste Vloer, Silver Well Retail and Office Park, Grahamweg 27, Silver Lakes, Pretoria, Posbus 2766, Pretoria 0001, Tel.: 012 817 4843, E-pos: werasmus@lgr.co.za, Verw. we/BH/IC001555
2847 – Sept. 18 - (4501)M

RSB Boerdery (Edms.) Bpk.
GEREGTELIKE VEILING
Prins Albert

IN DIE STREEKSHOF VIR DIE STREEKSAFDELING VAN DIE WES-KAAP GEHOU IN OUDTSHOORN. Saaknr: RCC/OUD 77/2025. In die saak tussen: KLEIN KAROO AGRI (EDMS.) BPK. (Registrasienr: 2014/157677/07) Eksekusiekrediteur en RSB BOERDERY (EDMS.) BPK. (Registrasienr: 2016/216136/07) Eerste Eksekusiedebiteur, REINHARDT SCHALK BOTES, (Identiteitsnommer: 750815 5120 087) Tweede Eksekusiedebiteur. Kragtens 'n vonnis toegestaan deur die Streekshof Oudtshoorn, sal die ondergemelde eiendom per openbare veiling geregtelik aan die hoogste bieër verkoop word, onderworpe aan 'n reserweprys van R700 000,00 (sewehonderdduisend rand) op 15 Oktober 2026 om 11:30 by Middelweg 283, North End, Prins Albert: ERF 1065 PRINS ALBERT, IN DIE MUNISIPALITEIT EN AFDELING PRINS ALBERT, PROVINSIE WES-KAAP, Grootte: 320 (driehonderd-en-twintig) vierkante meter, Titelaktenr: T24288/2010, Straatadres: Middelweg 283, North End, Prins Albert, Landdrosdistrik: Prins Albert, Die eiendom is gesoneer: Residensieel. ERF 1066, PRINS ALBERT, IN DIE MUNISIPALITEIT EN AFDELING PRINS ALBERT, PROVINSIE WES-KAAP, Grootte: 309 (driehonderd-en-nege) vierkante meter, Titelaktenr: T24288/2010, Straatadres: Middelweg 283, North End, Prins Albert, Landdrosdistrik: Prins Albert, Die eiendom is gesoneer: Residensieel. Hierdie woning was voorheen 'n skakelwoning, maar die eksekusiekrediteur het dit saam met Erf 1065, Prins Albert, in 'n enkelwoning omskep.VERKOOPSVOORWAARDES: 1. Die eiendom sal per openbare veiling geregtelik aan die hoogste bieër verkoop word, onderworpe aan 'n reserweprys van R700 000,00 (sewehonderdduisend rand) en onderworpe aan die bepalings en voorwaardes van die verkoping wat deur die Balju onmiddellik voor die veiling uitgelees sal word. Hierdie voorwaardes lê ter insae in die kantore van die Balju, Prins Albert (hoek van Pluim- en Tabakstraat, Oudtshoorn) en die verkoping is ook onderworpe aan die serwitute en voorwaardes wat op die eiendom van toepassing is soos vervat in die betrokke titelakte. 2. Die volgende inligting word verskaf, maar word nie gewaarborg nie: Erf 1065, Prins Albert: oopplankombuis en -sitkamer, 1x badkamer, 3x slaapkamers, 1x sitkamer, sinkdak, draadheining en 2x pakhuise. Erf 1066, Prins Albert: oopplankombuis en -sitkamer, 1x badkamer, 3x slaapkamers, 1x sitkamer. 3. Die koper moet by voltooiing van die verkoping 'n deposito van 10% van die koopprys betaal op aanvraag van die Balju (in kontant of per elektroniese oordrag) mits bevredigende bewys van betaling onmiddellik op versoek aan die Balju voorgelê word. Die res van die koopprys is betaalbaar teen registrasie van oordrag van die eiendom in die naam van die koper; welke betaling binne 21 dae na die datum van verkoping deur 'n goedgekeurde bankwaarborg verseker moet word. 4. Die koper moet die Balju se kommissie op die dag van die verkoping betaal, teen die tarief soos uiteengesit in die verkoopsvoorwaardes. 5. Hierdie verkoping sal plaasvind ooreenkomstig die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008, soos gewysig: http:www.info.gov.za/view/Download/FileAction?id=99961. 6. Die spesifieke veilingreëls sal vir 'n tydperk van nie minder nie as vier-en-twintig (24) uur voor die veiling in die Balju se kantoor ter insae lê en die Balju mag weier om enige persoon wat nie daaraan voldoen nie, te registreer of weier om enige bod van so 'n persoon te aanvaar. 7. Registrasie as koper is 'n voorvereiste onderworpe aan spesifieke voorwaardes, onder meer: 7.1. In ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008; 7.2. FICA-wetgewingvereistes: bewys van identiteit en woonadres; 7.3. Betaling van 'n registrasiefooi van R1 000,00 in kontant (terugbetaalbaar); en 7.4. Registrasievoorwaardes.

JAMES KING & BADENHORST ING., N.L. OOSTHUIZEN, Prokureurs vir die Eksekusiekrediteur, St. Johnstraat 142, Oudtshoorn, Tel.: 044 272 3080, E-pos: louis@jamesking.co.za / micaela@jamesking.co.za, Verw.: LO/Mic/KK2647
4914 – Sept. 18 - (4501)M

The Woodstock Improvement District

Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Die Woodstock Improvement District NPC (WID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.

Datum: Donderdag, 15 Oktober 2026
Tyd: 11:00
Plek: No 1 De Waal House, Victoriaweg 172, Woodstock, 7925

Net bona fide-lede van die WID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die WID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Dinsdag, 6 Oktober 2026 geregistreer wees.

Die aansoekdokumente vir die verlenging van die CID-termyn is vir inspeksie beskikbaar by die bestuursliggaam se kantore, die kantoor van die uitvoerende irekteur en word op die bestuursliggaam se webwerf gepubliseer.

Enige bykomendebelastingbetaler wat teen die aansoek om die uitbreiding van die CID-termyn gekant is, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering 'n skriftelike beswaar indien, waarna die Raad die aansoek kan goedkeur, sou besware nie van minstens 51% van bykomendebelastingbetalers ontvang word nie.

Lede van die plaaslike gemeenskap (insluitende eiendomsbesitters, inwoners, huurders, regspersone, burgerlike organisasies en nieregerings-, privatesektor- of arbeidsorganisasies) kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike kommentaar oor die nuwe vyfjaarsakeplan indien.

Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.wid.co.za. Om 'n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos admin@wid.co.za of skakel 021 565 0901.

176457BV-DB180926

MAITCID
MAITLAND CITY IMPROVEMENT DISTRICT

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Maitland City Improvement District NPC (MAITCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

Datum: Maandag, 12 Oktober 2026
Tyd: 10:00
Plek: Zonewatch Security Kantore, Campweg 4, Maitland, 7405

Net bona fide-lede van die MAITCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die MAITCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Donderdag, 01 Oktober 2026 geregistreer wees.

Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.maitcid.co.za of bel 021 565 0901.

Laingsburg

Munisipaliteit
Munisipale-geboue
Privaatsak X4
LAINGSBURG, 6900
Tel. (023) 551 1019
Faks No. (023) 5511 019

Municipality
Municipal Buildings
Private Bag X4
LAINGSBURG, 6900
Tel. (023) 551 1019
Fax No. (023) 5511 019

E-pos / E-mail: scm@laingsburg.gov.za

NOTICE: 103 / 2026
TENDER: SCM-T-2026-27-009

PROVISION OF A COMPREHENSIVE MUNICIPAL FLEET SOLUTION TO LAINGSBURG MUNICIPALITY

Laingsburg Municipality hereby invites tenders for the provision of a comprehensive municipal fleet solution to Laingsburg Municipality through a full maintenance lease and/or lease-to-own arrangement.

The successful tenderer must be registered and tax-compliant on the Centralised Supplier Database (CSD). Tenderers can register on www.csd.gov.za.

Only tenders scoring a minimum of **70** out of **100** for functionality will be considered further for evaluation.

Tenders may only be submitted on the prescribed tender documents that are obtainable from **Monday, 21 September 2026** at the **Supply Chain Management Unit, 02 Van Riebeeck Street, Laingsburg, 6900** during office hours **(08h00 - 16h00).**

A non-refundable participation fee of **R 700.00 (Seven Hundred Rand)** will be applicable. The participation fee must be deposited into the account of the Laingsburg Municipality at **Standard Bank,** Branch Code **51108,** Account Number **203 247 663.** The reference number for confirmation of payment is **SCM-T-2026-27-009 - Company Name.**

Proof of payment for the participation fee should accompany your tender document at submission. For enquiries specific to this matter, kindly contact Mr. Anthonico Quinn at **scm@laingsburg.gov.za.**

Completed tenders in a sealed envelope, endorsed with **"SCM-T-2026-27-009 - Provision of comprehensive municipal fleet solution to Laingsburg Municipality"** must be placed in the tender box in the foyer between 08:00 - 15:00 at the Municipal Buildings, 02 Van Riebeeck Street, Laingsburg to reach the Municipal Manager no later than **12:00 p.m.** on **Thursday, 22 October 2026,** after which tenders will be opened in public.

Telegraphic, telephonic, facsimile, emailed, and late bids will not be accepted.

The **bid must be valid for a period of 120 days** after the closing date.

The bid will be subject to the Council's Supply Chain Management Policy, the Municipal Preferential Procurement Policy, and the Preferential Procurement Regulations, 2022.

The preferential points system applied (80/20) in terms of the Preferential Procurement Policy is as follows:

PRICE	**80**
B-BBEE STATUS LEVEL OF CONTRIBUTION	**10**
LOCALITY	**10**
TOTAL POINTS	**100**

The municipality reserves the right to withdraw any invitation to tender, re-advertise, reject any formal tender, or to accept a part of it. The municipality is not bound to accept the lowest bid or award a contract to the bidder scoring the highest point score.

NO BIDS WILL BE CONSIDERED FROM PERSONS IN THE SERVICE OF THE STATE AS DEFINED IN THE MUNICIPAL SUPPLY CHAIN MANAGEMENT REGULATIONS (GOVERNMENT GAZETTE NO. 40553 DATED 20 JANUARY 2017).

SCM Queries	Technical Queries	Technical Queries
Mr Keith Gertse	Mr John Komanisi	Mr Neil Hendrikse
Tel: (023) 55 11 019	Tel: 073 171 5896	Tel: 073 148 7665
scm@laingsburg.gov.za	john@laingsburg.gov.za	nhendrikse@laingsburg.gov.za

J BOOYSEN
MUNICIPAL MANAGER

18 SEPTEMBER 2026

176775-DB180926

SWARTLAND
Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

TENDERKENNISGEWING: T22/26/27

VOORSIENING EN AFLEWERING VAN EEN (1) 8-TON WIPVRAGWA

Swartland Munisipaliteit vra hiermee tenders aan vir die voorsiening en aflewering van een (1) 8-ton wipvragwa, soos in die amptelike tenderdokumentasie uiteengesit.

Tenderdokumente kan gedurende kantoorure by Jo-Maré van der Westhuizen by tel. 022 487 9700 of vanderwesthuizenj@swartland.org.za by die Munisipale Kantore in Kerkstraat, Malmesbury, afgehaal word. 'n Nie-verhaalbare tenderfooi van **R190,00** in kontant is betaalbaar aan die Swartland Munisipaliteit by die afhaal van **hardekopie** tenderdokumente. Gratis elektroniese tenderdokumente is op aanvraag beskikbaar.

Kwotasies en alle toepaslike dokumentasie, in 'n geseëlde koevert, duidelik gemerk **"TENDER T22/26/27: VOORSIENING EN AFLEWERING VAN EEN (1) 8-TON WIPVRAGWA" moet voor 12:00 op Vrydag, 2 Oktober 2026 in die tenderbus by die Munisipale hoofkantoor, op die hoek van Kerk- en Voortrekkerstraat, Malmesbury ingedien word. Geen tenders sal laat, elektronies of per faks aanvaar word nie.**

Die tenders sal ingevolge die Raad se Voorkeurverkrygingsregulasies, en die aangehegte spesifikasies geëvalueer word. Die 80/20-voorkeurpuntstelsel sal gebruik word vir die evaluering van hierdie kontrak. Die Voorkeurverkrygingsbeleid is gedurende normale kantoorure by die munisipale kantore ter insae beskikbaar.

Die Swartland Munisipaliteit onderskryf en ondersteun die Regering se Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogram en is daartoe verbind om die ongelykhede van die verlede reg te stel. **Tenderaars wat wil kwalifiseer vir die voordele van B-BEEE, moet Bylaag MBD 6.1 volledig voltooi ten einde punte te ontvang. Voorkeurpunte MOET ook in paragraaf 6.1 geëis word.** Tenderaars word versoek om **oorspronklike en geldige B-BBEE-statusvlak verifiëringsertifikate of gewaarmerkte afskrifte** daarvan in te dien, ten einde hul B-BBEE-graderingseise te substansieer. **Tenderaars moet ook bewys van ligging indien ten einde punte vir ligging te eis.**

Hierdie tenders is onderhewig aan die Algemene Tendervoorwaardes, en indien van toepassing, enige ander Spesiale Tendervoorwaardes. Laat tenders sal nie aanvaar word nie en die Munisipaliteit is nie daartoe verbind om die laagste tender te aanvaar nie. Die Munisipaliteit behou die reg voor om enige deel van die projek uit te laat.

Tenderaars moet oor 'n goedgekeurde en gevestigde vervaardigers-geondersteunde dienssentrum in die Swartland Munisipaliteit se regsgebied beskik. Die tenderaar moet 'n geregistreerde motorvoertuighandelaar wees. Geen ander tenderaars sal oorweeg word nie.

Alle tegniese navrae kan aan **mnr John Barlow** by tel. 022 487 9400 gerig word.

MUNISIPALE KANTOOR
PRIVAAT SAK X52
MALMESBURY
18 September 2026

JJ SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER

www.ayandmbanga.co.za 157752